

8 Mei - HAAT

Skrifgedeelte: Psalm 97
Fokusgedeelte: Psalm 97:10

// Dis goed om lief te hê. Dis verkeerd om te haat." Toe Jesus gevra is wat die belangrikste ding in die lewe is wat elke mens op aarde moet doen, het Hy geantwoord dat ons God en ons naaste moet liefhê (Matt 22:36-40).

Maar miskien het ons al so gewoon geraak aan Jesus se antwoord en dalk al soveel keer gehoor dat ons selfs die mees bose mense moet liefhê dat ons begin dink het dat 'n mens glad nie mag haat nie. En tog, wat staan in vers 10? 'n *Opdrag*. 'n Opdrag om te haat! Te midde van die Psalm wat ons troue Here se grootsheid en almag besing, staan die opdrag om te haat.

Dit moet 'n mens immers ook vandag goed besef: Om die Here en jou naaste werklik lief te hê, beteken nie dat jy alewig in vrede met alles en almal om jou moet lewe nie. Nee, hoe groter ons liefde vir die Here, hoe meer sal ons haat wat Hy haat. Hoe groter ons liefde vir die Here, hoe minder sal ons ook in vrede met ons eie sonde lewe. Hoe groter ons liefde vir die Here en ons naaste, hoe meer sal ons die onreg van hierdie wêreld verpes.

Tog moet ons hier ook versigtig wees en met fyn onderskeid optree (vgl. ook Fil 1:9, 10). Waar God die *sonde* haat, het Hy *sondaars* lief en gaan Hy omsigtig met ons te werk. Hy hou ingedagte dat ons stof is (Ps 103:14). Ons weet boonop ook nie watter goddelose mense uitverkorenes is wat Hy nog tot bekering sal bring nie (Luk 23:39-43).

Gaan jy, liefhebber van die Here, dan vandag met liefde en wysheid heen. Haat en beveg die kwaad – terwyl jy dit aan die Here, ons troue Vader, oorlaat om sy geregtigheid te laat geskied.

Sing: Psalm 97:1, 6 (1936-beryming)/Psalm 97:2, 5 (2001-omdigting)

Ds DF Muller (Buffeldoorns)